



As 'n wonderwerk met jou gebeur...

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Ons is mos maar versigtig om te praat oor wonderwerke. Dit is so 'n persoonlike ervaring, en 'n mens wil nie aanmatigend klink nie. Want soveel kollegas en lidmate kan getuig van groter wonders wat in hul lewens plaasgevind het. Tog moet ons juis met mekaar daarvoor praat sodat, soos in die geval van Jesus se eerste wonderwerk, Hy daardeur verheerlik word en dit ons geloof in Hom versterk (Joh 2: 11).

Só het God onlangs 'n wonderwerk in my lewe laat gebeur. Ek bedoel dit letterlik – nie soos in daar gebeur elke dag wonderwerke met ons nie. Op 23 Desember 2019 is ek weer gebore. En ek bedoel dit ook letterlik. Nie as 'n geestelike belewenis nie, maar soos in die Here het my 'n tweede kans gegee om te lewe. Die vorige aand het 'n stuk vleis in my slukderm vasgesteek en dit gepeforeer. Dit is doodsake, en ek moes met 'n sewe-uur-ambulansrit deurkom vir 'n noodoperasie. Agt uit tien mense oorleef blykbaar nie hierdie tipe operasie nie. Tog was ek bevoorreg om te ervaar hoe die Here vandag paramedici, dokters, verpleegpersoneel, medikasie en tegnologie gebruik om wonders te verrig.

Tydens die ambulansrit het 'n paar tekste uit die Bybel deur my kop gemaal. Onder andere Jona wat uit die dieptes van die vis se maag na God roep: *Diep in die doderyk het ek hulp gevra, en U, Here, het my gehoor* (Jona 2: 2) en die Psalmidigter se woorde: *...uit die dieptes van die dood het U my gered* (Ps 86: 13). In daardie stadium het dit my nie gepla of die vis regtig vir Jona ingesluk het nie. Ook nie wie die skrywer van Psalm 86 was nie. Dit was nie Barth of Bultmann wat die tekste vir my uitgelê het nie. Dit kon my min skeel wat Calvyn of Luther van die tekste gemaak het. Die Here het deur sy Gees sy Woord gebruik om my hoop te gee.

Daarmee wil ek hoegenaamd nie ons teologiese tradisie of 'n histories-kritiese benadering tot die Bybel afmaak nie. Maar ek wil pleit dat ons almal moeite sal doen met God se Woord en dit sal gebruik vir waarvoor dit bedoel is, naamlik as 'n instrument van God se Gees om in ons lewe van elke dag vir ons hoop te bring. In my werk by die Bybelgenootskap het ek al geworstel met die vraag of dit enige waarde het om bloot vir iemand 'n Bybel te gee. Na my ervaring weet ek dat om die Bybel gereeld te lees, tekste te memoriseer en daarvoor te praat, van onskatbare waarde is. Dit is God se manier om met ons te praat, al het ons nie noodwendig al die teologiese kennis nie.

Mag 2020 vir jou werklik die jaar van die Bybel wees. Lees dit 'n slag weer deur en luister na God se stem. Maak dit jou eie. Luister daarna in jou motor op pad werk of skool toe. Praat met jou mense daarvoor. Ek gaan dit doen. Maak nie saak hoeveel en wanneer nie. Begin net! Ek is seker jy sal ook die wonder ervaar dat God daardeur met jou praat.

Dr Gerhard Lindeque
Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Lief en leed



Mev Annali Venter

- **Mev Annali Venter**, vrou van ds Marius Venter (emeritus), ondervind tans gesondheidsprobleme. Sy is reeds terug by die werk na 'n paar dae in die hospitaal, maar wag nog op die uitslae van haar mediese toetse. Ons vertrou dat sy volkome sal herstel.
- **Die volgende predikante verjaar tot 7 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**

- o Donderdag 30 Januarie: Ds MCE (Eksteen) Botes (Nelspruit)
- o Saterdag 1 Februarie: Di JS (Fanie) Naudé (emeritus/Greylingstad), AM (Andries) Nel (emeritus) en EJM (Mathilda) Sharp (beroepafwagting)
- o Maandag 3 Februarie: Ds MH (Tinus) Mc Donald (emeritus)
- o Dinsdag 4 Februarie: Ds C (Chantelle) du Toit-Phillipson (beroepafwagting)
- o Woensdag 5 Februarie: Ds L (Lisa-Mari) Prinsloo (Sasolburg-Suid)
- o Donderdag 6 Februarie: Dr AMT (Andorette) Hill-Jowett (siekte-emeritaat) en ds JA (Johan) Holtzhausen (Vryburg)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**
 - o **Togo:** Vra voorbidding vir die vertaling van die Bybel in Lama en Kabiye.
 - o **Benin:** Bid vir die Bybelvertaling in Gun.
 - o **Niger:** Behoefte aan voorbidding vir die verspreiding van die Bybel in die algemeen en personeel se veiligheid.
 - o **Nigerië:** Bid asseblief dat die Here vrede in die land sal herstel en dat die Bybel se boodskap die lewens van Nigeriërs sal verander.
 - o **Kameroen:** Vra voorbidding vir die vertaling van die Bybel in Guidar.
 - o **Die Sentraal-Afrikaanse Republiek:** Die BSA se hoofkantoor wat in die burgeroorlog vernietig is, word tans herbou. Bid asseblief vir vrede in die land.
 - o **Suid-Soedan** ervaar ook groot uitdagings. Bid asseblief vir vrede in die land en vir die konstruksie van die Bybelsendinghuis.

Gemeentes en bediening

- **Ds PJ (Pierre) Jacobs (sr)** van Outeniqua (deelyds) het 'n beroep ontvang na Outeniqua (voltyds). Hy het die beroep aanvaar.
- **Prop N (Natasha) Smit** (beroepafwagting) het 'n beroep ontvang na Witrivier (deelyds).
- **Dr RJ (Robert) Jones** van Barberton (benoeming) het 'n beroep ontvang na Villieria (deelyds).
- **Dr JHL (Jan) Truter** (emeritus) het die beroep na Letsitele aanvaar en is op 19 Januarie daar bevestig.
- Die **viering** van die nuwe gemeente **Pretoria Noorderlig** vind plaas op **Sondag 2 Februarie** om 11:00 in die Rolbalkklub van Pretoria-Noord, Jan van Riebeeckstraat 287. Hierdie nuwe gemeente spruit uit die samesmelting van gemeentes Pretoria-Noord en Theresapark. Noorderlig word voorlopig deur **dr JP (Johan) Bester** bedien. Oudlidmate, oudpredikante van die twee gemeentes en ander belangstellendes word hartlik uitgenooi na hierdie feestelike geleentheid.
- Die **Komitee van die SP Engelbrecht-museum** het op 27 Januarie 'n nuwe bestuur aangewys vir die volgende drie jaar. **Ds Jan Kramer**, kleinseun van prof SP Engelbrecht, dien nou as voorsitter, **ds Frikkie van Wyk** as ondervoorsitter, en die kurator **ds Johann de Bruin** as sekretaris. Ander lede is die NHKase argivaris, **Nándor Sarkady**, asook **ds Stephan Botha en Louis Botha**. Die Kommissie van die AKV moet nog 'n verteenwoordiger vir die Museumkomitee benoem. Ad hoc-lede sal gekoöpteer word vir bepaalde projekte. Begeleide toere kan bespreek word by die kurator by 082 733 3951 of cjdb@telkomsa.net.



Ds Pierre Jacobs (sr)



Prop Natasha Smit



Dr Robert Jones



Dr Jan Truter

- Die **akademiese openingsdiens** van UP se **Fakulteit Teologie en Religie** vind plaas op **Vrydag 14 Februarie** van 10:00 tot 11:30 in die Musaion op die Hatfieldkampus. Die diens sal gelei word deur die dekaan, prof Jerry Pillay, en ligte verversings sal na die opening bedien word.
- Die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** vind plaas op **Woensdag 19 Februarie**.
- 'n **Inligtings- en Besprekingsvergadering** vind plaas op **Woensdag 18 Maart** van 09:00 tot 16:00. Die Kommissie van die AKV sal dan belangrike aspekte van hul strategiese beplanning by die afgelope bosberaad met ringskommissies en predikante deel, en met die gesprek oor 'n herindeling van ringe begin. Elke ring word versoek om minstens twee verteenwoordigers na die Inligtings- en Besprekingsvergadering te stuur. Meer besonderhede sal later deurgegee word.
- **Gemeente Lydenburg** beskik vanaf 1 Februarie 2020 oor 'n **vakante werkruimte vir 'n voltydse predikant**. Vergoeding is volgens die Kerk se vergoedingskale. Benewens ampswerk in die algemeen, is die uitvoering van die bedieningsplan primêr tot die opdrag. Die gemeente beskik oor 'n ruim pastorie op die kerkterrein wat deur die suksesvolle kandidaat bewoon moet word.

Die gemeente bestaan uit 322 lidmate. Ongeveer 60% van die lidmate val in die kategorie 50 jaar en ouer. Lydenburg is 'n plattelandse dorp waar hoofsaaklik landbou en mynbou asook verskeie industrieë bedryf word. Die dorp beskik oor uitstekende primêre en sekondêre onderwysinstellings.

'n CV en persoonlike profiel moet na die onderstaande adres gestuur word. Vermelding van ouderdom, diensjare, gesinsamestelling, gade se beroep en huidige pos (indien van toepassing) sal waardeer word. Die aansoek is oop vir enige gelegitimeerde predikant of proponent van die NHKA. Die kerkraad behou die reg voor om ook kandidate wat nie aansoek gedoen het nie, tot die kortlys toe te voeg. Die kerkraad voorsien dat die werkruimte teen die aanvang van die derde termyn van 2020 gevul moet wees. Aansoeke en/of navrae kan gerig word aan die skriba by dawidlag@gmail.com. **Aansoeke sluit op 19 Februarie 2020 om middernag.**

- **Vakature: Leraarpos, vastetermyn.** Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in Harare stel hiermee gesamentlik hierdie vakature bekend.

Gemeenteprofiel: Die twee gemeentes het 'n samewerkingsooreenkoms gesluit en beroep saam 'n leraar wat albei gemeentes sal bedien. Gesamentlike eredienste word reeds gehou, terwyl ook besluit is om bedieninge in die gemeentes en gemeenskap te koördineer. Die gemeentes is tipiese stedelike gemeentes en bestaan grootliks uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die pos is 'n **vastetermynpos vir 3 jaar** wat met wedersydse instemming verleng kan word.

Leraarprofiel: Die geskikte kandidaat moet volledig en goed **tweetalig** wees (Afrikaans- en Engelssprekend – eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei); verkieslik 'n getroude persoon wees; as gevolg van hoë skooluitgawes, verkieslik geen skoolgaande kinders hê nie; oor 'n fyn aanvoeling vir bediening aan alle ouderdomsgroepe beskik; en goeie gesondheid geniet. Die gemeentes **sal 'n lewenskragtige persoon wat pas geëmeriteer het, baie sterk oorweeg.**

Posbeskrywing: Die predikant moet die nuutgevormde samewerking tussen die NGK en die NHKA as een gemeente kan hanteer en uitbou, en sy/haar pligte volgens KO Artikel 9 van die NGK en die kerkordelike bepaling 2.1.5. van die NHKA uitvoer.

Vergoedingspakket: Vergoeding en byvoordele sal tydens 'n onderhoud verstrek word; gemeubileerde huisvesting is beskikbaar; en 'n voertuig vir gemeentelike gebruik in Zimbabwe word verskaf.

Aansoeke sluit op 31 Januarie 2020. Diensaanvaarding 1 Maart 2020 of so gou moontlik daarna. Aansoeke moet vergesels wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en gestuur word aan drcharare@mango.zw. Navrae aan oudl Deon Theron +263 77 224 6233 en oudl Rinus Grau +263 71 261 1536. Ds Nicolaas Steenekamp, die konsulent van die NHKA Harare, kan in die RSA gekontak word vir inligting: 073 279 3315. *Die Kerkraad behou die reg voor om nie 'n beroep uit die aansoeke uit te bring nie.*

- Predikante wat **preekbeurt** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)**, kan kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by njssteenekamp@gmail.com of 073 279 3315. Vervoerkoste en 'n honorarium word betaal.
- Predikante kan by **Gemeente Dullstroom** preek en gratis verblyf vir twee nagte kry vir die gratis preek. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade**; vir kinders se verblyf moet self betaal word. Die vergunning geld nie langnaweke en vakansietye nie. Reël die verblyf met Dullstroom Accommodation by 013 254 0020. Kontak dan mev Johanna Pieterse by 072 116 3353 / nhkdullstroom@gmail.com / johannapieterse01@gmail.com om die Sondag te bevestig.

Vergaderings

- Vrydag 31 Januarie: Oudit- en Risikokomitee
- Dinsdag 4 Februarie: NHSV Beurs- en Leningskomitee
- Woensdag 5 Februarie: Kinderhuise Dagbestuur
- Donderdag 6 Februarie: ADV Finkom
- Vrydag 7 Februarie: Moderamen

'n Gedig

herbesoek

daar was net winter
in die baai se bakhand
toe ek halt gemaak het
vir die nag
'n sekelmaan wat suinig weghang
uit die wind
onder my voet
'n halwe jaar se ongekende grint
vaak geluide van seevoëls
in die duinebos
hoër op het ek gebuk
die spore van 'n suurveldvos gevind
en in die môre
toe die son by oesterbaai se punt uitgly
het ek die geelgras
van jou tent gaan soek en daar
'n vreemde hemsplank
en die ruik van skaapbossie gekry

Marlene van Niekerk
(Uit: *Sprokkelster*, 1977)

Kerklieke publikasies

- SENTIK stuur elke Donderdag 'n **lokflits** aan predikante, gemeentes en ander intekenaars wat voorheen die weeklikse *Blitspos* ontvang het. Die lokflits bevat **skakels** na *Blitspos* en nuwe artikels en meningstukke wat op die Kerk se webblad www.nhka.org geplaas

is. Ontvangers kan gerus die lokflits aanstuur vir familie, vriende en kollegas, of hul e-posadresse stuur na algemeen@nhk.co.za (mev Gianni Joubert). **Nuwe intekenaars** kan ook registreer op die Kerk se webblad – sodoende word hul name outomaties op die verspreidingslys van die lokflits geplaas.

• **Lees in Die Hervormer van Januarie/Februarie 2020**


- o Verslete skoene en 'n herberg
- o Bybelgenootskap vier 200 jaar
- o Leef missionaal

Lees *Die Hervormer* volledig by <http://nhka.org/die-hervormer/>

• **Bybelse Dagboek / Almanak 2020**

R185 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
Bestel by sentik@nhk.co.za





Boekwinkel-promosie

Die verhale van die Bybel kry nuwe lewe in die pragtige *Klassieke Kinderbybel*.

Getrou aan die klassieke tradisie, word die verhale in 'n eg Bybelse styl vertel.

Elke illustrasie is 'n kunswerk wat aan die leser groot vreugde sal verskaf.

Hierdie Kinderbybel sal in die jare wat kom 'n gunsteling onder kinders bly.


Bestel van mev Sarie Roux by sentik@nhk.co.za

- **Prof Natie van Wyk se boek *Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte*** is nou beskikbaar. Dit kan gratis as 'n pdf-dokument afgelaai word. Klik op die volgende skakel: <https://books.aosis.co.za/index.php/ob/catalog/book/91> Diegene wat in 'n harde kopie belangstel, kan 'n bestelling plaas by óf AOSIS Scholarly Books óf prof Van Wyk self (hto@mweb.co.za). Die koste sal in die omgewing van R300 wees.

Bybelgenootskap

Dr Gerhard Lindeque van die BSA doen met dankbaarheid verslag dat die lidmate en donateurs van die NHKA R2 237 253 in 2019 bygedra het. Vanjaar vier die Kerk en die BSA saam die Jaar van die Bybel en die Bybelgenootskap van Afrika se 200ste bestaansjaar. Lidmate word vriendelik versoek om soos besluit by die AKV aandag te gee aan die volgende sake:

- Die **jaarlikse bydraemikpunt** is steeds om een Bybel (R55) per belydende lidmaat te subsidieer. Sommige gemeentes verkies om die bedrag deur die loop van die jaar maandeliks in te betaal. Dit is ook die BSA se voorkeur. Ander doen dit weer in een groot bedrag in September/Okttober, en dit is net so waardevol. Bevestig die gemeente se donateursnommer by mev Anne-Marie Malan (malan@biblesociety.co.za).
- Die **deurkollekte van Hervormingsondag** (25 Oktober 2020) word soos gebruikelik ook aan die BSA oorbetaal.
- Die AKV het ook goedgekeur dat in 2020 Sondag 23 Augustus ingerig word as **Bybelsondag**. Op hierdie Sondag word lidmate aangemoedig om 'n eenmalige spesiale offergawe te bring. Hierdie offergawe word spesifiek aangewend vir die projek **tweemiljoen Bybels vir Suid-Afrika**. Met hierdie projek probeer die BSA om 'n verskil te maak aan die Bybelarmoede in Suid-Afrika, en hoop hulle dat dit sal bydra tot 'n nuwe waardering van Bybelse waardes in ons land. Gemeentes sal hul koeverte/Bybelrolletjies vir die insameling van hierdie offergawe by die ringsvergaderings ontvang. Hierdie offergawe is eenmalig en vervang nie die jaarlikse bydrae en deurkollekte nie.
- Die Jaar van die Bybel gaan egter nie net daarvoor om fondse in te samel vir die



werk van die BSA nie. Die fokus val veel eerder op gemeentes en lidmate se gebruik van die Bybel. Daarom stel die BSA graag die volgende **hulpmiddels** gratis beskikbaar:

- **Bybelleesrooster.** Hierdie leesrooster is in 365 dae opgedeel en is nie aan 'n kalender gekoppel nie. Lidmate kan dus enige tyd daarmee begin en die Bybel in een jaar deurlees. Gemeentes kan besluit om sekere gedeeltes saam deur te lees. Die leesrooster sal in Februarie aan gemeentes gepos word.
- **Die Bybel: Hoop vir almal.** Hierdie kleurvolle publikasie van glanspapier bevat inligting soos hoe om die Bybel te lees, die vertaling van die Bybel en 'n oorsig oor die werk van die BSA. Dit is 'n handige hulpmiddel in die aanloop tot Bybelsondag en kan moontlik aan lidmate verskaf word saam met die koevert/Bybelrolletjie vir die spesiale offergawe. Gemeentes sal hul boekies by die ringsvergaderings ontvang.
- **Bybelstudiereeks: God se asem tussen bladsye.** Hierdie reeks is 'n 40-dae-avontuur in die Woord van God. Dit is deur 'n groep predikante, drie daarvan van die NHKA, op versoek van die BSA ontwikkel. Dié reeks is ongelukkig nie gratis nie, maar sal bestel kan word by die NGK se Gemeente Witrivier. Dit bestaan uit leiersgidse, deelnemerhandleidings en DVD's. Die reeks is bestem vir die derde kwartaal van 2020. Inligting oor bestellings sal vooraf per e-pos aan gemeentes en predikante gestuur word. 'n Moontlikheid is dat Bybelsondag (23 Augustus 2020) die afsluiting of afskop van die 40 dae kan wees.
- **Preeksketse.** Die BSA beplan om in Maart 2020 'n aantal preeksketse in pdf-formaat op die webblad te plaas, wat gratis afgelaai kan word en deur die loop van die jaar gebruik kan word vir 'n preekreeks met die tema *Die Bybel: Hoop vir almal*.

Mag 2020 werklik vir ons die Jaar van die Bybel wees waarin die Woord van die Here ons herinner aan Jesus Christus, die Hoop vir die wêreld.

Barmhartigheid

- **Spesiale deurkollekte: Sondag 9 Februarie.** Die NHSV is dankbaar dat die Kommissie van die AKV jaarliks elke tweede Sondag van Februarie uitsonder vir die opneem van 'n spesiale kollekte ten bate van die **Beurs- en Leningsfonds van die NHSV**. Ons is ook dankbaar dat gemeentes jaarliks ruim bydra tot die fonds. Die toekennings wat aan ons jongmense gemaak word vanuit hierdie fonds kan nie geringeskat word nie, en het al menige student gehelp om sy of haar studies te voltooi. Die Hoofbestuur van die NHSV versoek gemeentes weer eens om op **Sondag 9 Februarie** hierdie verdienstelike saak te ondersteun. Inbetalings kan gedoen word in die volgende rekening: NHSV Hoofbestuur; ABSA; 4051454181. Stuur 'n bewys van betaling na finansies@nhsv.org.za. *Opvoeding is ons paspoort na die toekoms. Want môre behoort aan die mense wat dit vandag voorberei (Malcolm X).*
- Die volgende inligting kan ingevoeg word op bladsye 131 en 132 van 2020 se *Almanak*:

NHSV HOOFBESTUUR

Dagbestuur

Visetesourier: Ds Janine Bevolo-Manders, Posbus 16248, Pretoria-Noord
0182, tel 012 565 4283 (h) / 083 260 0983, bevolo@arestan.co.za.

Streekverteenwoordigers

Hoëveld: Mev Marna Wolmarans, Posbus 4461, Secunda 2302,
tel 017 631 5428 / 082 880 9373, marna.wolmarans@sasol.com.

Noordelike Pretoria: Mev Alta de Kock, Posbus 11084, Queenswood 0121,
tel 012 333 6630 (h) / 083 299 8238, pdekok@telkomsa.net.

Pretoria: Vakant.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriee met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

Toerusting

- **Jeugbediening (aanlynkursus) by UP**
Begin Vrydag 28 Februarie
 Kursusleier: Prof Malan Nel
 Koste: R2 500
 Plek: Aanlyn
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za
- **Jeugbediening (inklusiewe verhoudingsbenadering) by UP**
2020: 23-26 Maart; 22-25 Junie; 14-17 September
2021: 25-29 Januarie; 15-19 Maart
Skripsie: April 2021
 Kursusleier: Prof Malan Nel
 Koste: R7 200 vir vyf intensiewe kontaksessies
 Plek: Westview Metodistekerk, Centurion
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za
- **Brugbedieningskursus by UP**
Week 1: 27-30 Julie
Week 2: 9-12 November
 Kursusleier: Prof Malan Nel
 Koste: R2 500 (BTW ingesluit)
 Plek: UP
 Kursuspunte: 70
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za

Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg: Diamantkompetisie**
 Kaartjies te koop @ R50 elk
 Die volgende pryse kan gewen word:
 1ste prys: 0,55 karaat diamant (waarde R17 000)
 2de prys: R4 000
 3de prys: Slagskaap
Trekking: Vrydag 14 Februarie tydens Valentyns-Diamantaand
 Wenners sal telefonies in kennis gestel word
 Navrae: Bernette van Straaten 082 445 6732
- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**
Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
 Koop 'n pakket, samel fondse in vir jou kantoor of gemeente
 Ondersteun terselfdertyd Rata se maatskaplike werk

Opsie	Koste	Aantal boekies	Wins vir kantoor/ gemeente	Uitstalling	Promosie-materiaal	Sleutelpas-finalis
Pakket	R5 000	200	R15 000 (75%)	Ja	Ingesluit	1 per pakket
50 boekies	R2 500	50	R2 500 (50%)	Nee	Ekstra @ R50/ plakkaat	Gesamentlike trekking
70 boekies	R3 500	70	R3 500 (50%)	Nee		

1. Kry jou pakket.
2. Betaal pakketgelde in by ABSA; RATA; rekeningnommer 000 206 00 209; verwysing GO + NAAM. Stuur betalingsbewys aan Johanna Scholtz by admin@laatjouligskyn.co.za.
3. Kaartjies en bemarkingsmateriaal word versend.
4. Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie 2020
(1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid).
5. Stuur besonderhede deur van finaliste wat aan die finale sleutelpas sal deelneem op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag van 18 Augustus 2020 by Silver Lakes.
6. Uitstallings van voertuig kan gereël word by basaars, gholfdae en markte.

Navrae: Stephen de Beer 074 658 4630 (gsdebeer@gmail.com)

Andries Pretorius 081 466 8691 (andries@rata.org.za)

Vir uitstallings van die voertuig, kontak Andries Pretorius

Allegaartjie

Ons geslag is realisties omdat ons die mens leer ken het soos hy werklik is. Die mens is daardie wese wat die gaskamers van Auschwitz uitgevind het; die mens is egter ook daardie wese wat die gaskamer oorwinnend kon binnegaan met die "Onse Vader" of die "Shema Jisrael" op sy lippe. (Viktor Frankl, vertaal deur Daniël J Louw)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Here, dit is doodstil rondom my.
Ek kan nie die wêreld om my voel asemhaal nie.
Ek hoor niemand praat nie.
Ek sien niemand beweeg of lag of huil nie.
Here, kan dit wees dat ek so geïsoleer voel
omdat ek vir niemand meer omgee nie?
Omdat ek na niemand meer luister nie?
Omdat ek net aan myself aandag gee?
Omdat ek net “myself wil wees”?
Aandring op my “individualisme”?
Here, verander my onverskilligheid in omgee;
my onsensitiewiteit in empatie;
my dadeloosheid in entoesiasme.
Here, maak oop my oë, my ore, my hart.
Here, leer my omgee vir ander.
En, Here, bring dan my omgee tot daad.

MA Thomas

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

